# BOEKBESPREKINGS

HOFMEYR, J.W. 1988. Die Nederlandse Nadere Reformasie en sy invloed op twee kontinente. Pretoria : Universiteit van Suid- Afrika. 159 p. Prys 27,50 (plus AVB).

Jare gelede het J.W. Hofmeyr 'n voordrag by 'n Calvynkongres in Afrika gelewer met die opskrif *Die leer van Calvyn soos oorgedra in die Suid-Afrikaanse konteks deur o.a. die Oude Schrijvers - 'n terreinverkenning*. In hierdie voordrag het hy die hoop uitgespreek dat die voordrag mag dien tot 'n stimulus vir geïnteresseerdes om die onontginde goudmyn van stof rondom die deurwerking van invloede vanuit die Europese konteks in die loop van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis te ontgin.

Die hoop wat Hofmeyr uitgespreek het, het hyself vervul deur hierdie waardevolle vergelyking van die invloed en deurwerking van enkele aspekte van die Nederlandse Nadere Reformasie in die Suid-Afrikaanse en Noord-Amerikaanse kontekste.

In die inleiding word oorsigtelik aandag gegee aan die huidige stand van die (kerk-) historiografie asook aan enkele nuwere ontwikkelinge rondom die geskiedenis en die kerkgeskiedenis. Uitgaande van die standpunt dat geskiedenis om meer sosiologie vra en sosiologie om meer geskiedenis, wil die skrywer in hierdie werk nader kennis neem van die sosiale konteks waarbinne die Nadere Reformasie beweeg het.

In hoofstuk 2 word die Nadere Reformasie in Nederland bespreek. Getrou aan sy sosiologiese uitgangspunt word die Nadere Reformasie in sy wese en wording in Nederlandse konteks geplaas en word veral na twee aspekte gekyk, naamlik die houding teenoor die sending en ander etniese groeperinge en die houding ten opsigte van verdraagsaamheid.

In hoofstuk 3 word die soeklig gewerp op die invloed en deurwerking van die Nadere Reformasie in Suid-Afrika en die houding ten opsigte van die sending en verdraagsaamheid. In hierdie hoofstuk word die sosiale konteks uitnemend geteken, terwyl nadruk gelê word op enkele belangrike kerkhistoriese gebeure in Suid-Afrika tussen 1652 en 1804, gebeure wat betrekking gehad het op die inslag en deurwerking van die Nederlandse Nadere Reformasie.

Hoofstuk 4 stel die invloed van die Nadere Reformasie binne die Noord-Amerikaanse konteks aan die orde. Hoofstuk 5 poog om 'n vergelyking te trek met betrekking tot die deurwerking van die Nadere Reformasie in die twee dogterkontekste, terwyl hoofstuk 6 enkele lyne van die Nadere Reformasie wil deurtrek na meer onlangse tye. Die skrywer trek hier interessante lyne tussen Réveil, Nadere Reformasie, Piëtisme en

Metodisme in Suid-Afrika en vier strominge van die Calvinisme in Noord-Amerika.

Benewens die uitnemende inhoud bevat die boek nog 13 bylae met interessante gegewens, 'n uitgebreide bibliografie en insiggewende foto's. Formeel en materieel is hierdie boek 'n pragpublikasie wat die leser sal aanspoor om nog meer oor die Nadere Reformasie na te lees.

C.J. Malan

JANSEN VAN RENSBURG, N.S. *et. al.* 1989. **Kommentaar op Kerk en Samelewing.** Potchefstroom : IRS/ PU vir CHO. 115 bladsye. R7,50 Verkrygbaar by IRS, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

Die doelwit van die IRS om Christene in Suid-Afrika reformatories-krities betrokke te maak by politiek-sosiaal-kerklike vraagstukke in die land (B.J. van der Walt in "Vooraf") is bekend en word op prys gestel. Die Instituut het die uitnodiging van die Nederduits Gereformeerde Kerk tot kommentaar op *Kerk en Samelewing* opgevolg deur in 1987 'n dinkskrum oor die dokument te hou waarna onderwerpe en skrywers beplan en aangewys is. Hieruit is 'n versamelwerk gebore - wat ten spyte daarvan dat drie beplande hoofstukke nie gerealiseer het nie - elke Christen wat kundig en sensitief betrokke wil wees in die kerklike gesprek oor die toekoms van ons land, eenvoudig moet lees.

*Kerk en Samelewing* (1986) was die laaste van drie belangrike kerklik-teologiese dokumente wat verskyn het en handel oor die kerk se getuienis in die sosiaal-politieke situasie in Suid-Afrika. Die ander twee dokumente is die *Kairosdokument* (1985) en *Evangelical Witness in South Africa* (1986). Hierdie laaste twee publikasies word in sommige van die artikels met *Kerk en Samelewing* vergelyk waardeur die insig in die werklike problematiek gedien word.

*Kommentaar op Kerk en Samelewing* bestaan uit 10 hoofstukke wat so beplan is dat dit die belangrikste aspekte van die dokument moet dek. Die skrywers is in mindere of meerdere mate bekend as Christene wat hulle intens besig hou met kerklike en sosio-politieke vraagstukke. Hulle hanteer die stof op verantwoordelike wyse in hulle analise en gevolgtrekkings. Wanneer stellings gemaak word, doen die skrywers moeite om dit te motiveer. Die styl van die medewerkers is helder en die argumente duidelik. Elke ontwikkelde Christen-leser kan die stof verteer.

Dit sou baie ruimte in beslag neem om elke artikel afsonderlik te bespreek. Ek wil eerder enkele gevolgtrekkings wat in die bydraes sterk figureer, benadruk:

- *Kerk en Samelewing* (voortaan KS) verteenwoordig die perspektief van die blanke Nederduits Gereformeerde Kerk op die Suid-Afrikaanse situasie. Die konteks van die opstellers oefen 'n deurslaggewende invloed op die eindproduk uit. N.S. Jansen van Rensburg praat in die eerste hoofstuk ("Volk, bevolking, ras - begrip of werklikheid?") reeds van "die selfvoorsiende konteks" (p. 2) van KS as hy handel oor die indeling van groepe wat direk beïnvloed sou wees deur die wetgewing in hierdie verband. W. Nicol ("Die Kerk en die regering") verwyt die NG Kerk dat hy so 'n dokument alleen opgestel het. Die gevolg is dat KS kontekstuele teologie bevat sonder dat die opstellers dit besef (p. 28). J. Kinghorn ("'n Rondte meer") beweer dat KS uit pas is met Suid-Afrika "buite die enkele wit middelklas-enklawes" (p. 40). S.S. Maimela ("Die konteks waarvoor KS 'n oplossing wil bied") vergelyk die perspektiewe van KS, die *Kairosdokument* en *Evangelical Witness* en wys daarop dat elkeen uitgaan vanuit 'n eie analise van die grondprobleem in Suid-Afrika en hierdie analises verskil radikaal. As W.A. Boesak ("Algemene Kommentaar op KS vanuit die NG Kerkfamilie") egter die "onbevange" spreke in die *Belydenis van Belhar* besing (p. 99), is dit te naïef.

- Mooi teologie wat nie konkreet word nie, word uitgewys. Verskeie skrywers het hoë waardering vir die teologie van KS (bv. oor eenheid, die uniekheid van die kerk, hulp aan die weerloses). (J.N. Horn meen KS "verskil radikaal" (p. 48) met "Ras, volk en nasie.) A. König sien hoe 'n suiwer Bybelse kerkbegrip struikel as "bedieningsbehoeftes" die geponeerde eenheid laat struikel (p. 10). Die gebrek aan konkreetheid kom veral na vore in wat verswyg word in die Suid-Afrikaanse situasie (rewolusie - vgl. Kritzinger, p. 80; bepaalde menseregte - vgl. Smit, p. 74).

P. Rossouw is die enigste skrywer wat nie 'n beoordeling van KS gee nie. Hy skets die verloop van gebeure rondom KS van "Ras, volk en nasie" tot 1988.

Die analise en gevolgtrekkings van verskeie skrywers maak seer, smaak bitter. Dat alle skrywers egter hoogs relevante sake aansny, kan nie ontken word nie.

Elke Christen wat met 'n oop gemoed wil vasstel wat alles op die tafel is in die gesprek tussen Christene oor die Suid-Afrikaanse situasie, moet hierdie versamelwerk lees. Dis gewis nie net op die Nederduits Gereformeerde Kerk wat die ontledings en kommentaar in *Kommentaar op Kerk en Samelewing* moet verdiskonteer nie!

Alwyn du Plessis

LE ROUX, A.H. 1989. **Evangelieverkondiging aan die Boesmans deur middel van visuele hulpmiddele.** Potchefstroom : PU vir CHO. 21 p. (Instituut vir Reformatoriese Studies. Studiestuk nr. 253.)

Die worsteling om in sendingwerk doeltreffend te kommunikeer, word weerspieël in hierdie studiestuk. Ds. Le Roux gee 'n lewendige beeld van sy en sy vrou se groot roeping en sendingwerk onder die Boesmans. Die stuk handel egter nie eintlik oor visuele hulpmiddels in den brede nie, maar uitsluitlik oor die dramatisering van Bybelse stof. Ds. Le Roux onderskei myns insiens nie voldoende tussen God se openbaring wat deur middel van die Woord en die sigbare, selfs dramatiese *gegee* is, en die *her*dramatisering van lank reeds ontvange openbaring nie. Dis verbasend dat die skrywer nie die Th M-verhandeling van ds. S.J. van der Merwe êrens noem nie, terwyl die geskrif eintlik lyk na 'n apologetiese (polemiese?) geskrif daarteen. Die outeur maak nie genoeg erns met Van der Merwe se bevinding dat die verplasing van openbaring na die vlak van spel nie aanvaar kan word nie. As al die reserwes wat hy inbou om dramatisering Bybels te hou, nagekom moet word, is dit beter om die metode nie te gebruik nie, gesien die risiko's wat geloop word. Is die openbaring nie maar nog altyd deur die *Woord* verder gegee nie? En lê die klem nie uitsluitlik (of byna uitsluitlik) daarop in die sendingsbevel nie? Die stuk word aanbeveel ter wille van die pionierswerk waarvan 'n mens 'n indruk kry, maar nie op grond van die prinsipiële standpunt nie.

M.A. Kruger

VAN WYK, J.H. 1989. **Kerk, teologie en geweld.** Potchefstroom : PU vir CHO. 21 p. (Instituut vir Reformatoriese Studies. Studiestuk nr. 256.)

Dié bydrae van prof. J.H. van Wyk is 'n waardevolle riglyn vir ons tyd en ons land omdat die teologiese lyne grondig verantwoord is. Sy kritiek is suiwer na sowel die kant van die *status quo* en tradisionalisme as na die revolusionêre kant. Wat wel negatief is, is die stelling op p. 4 oor " ... die Suid-Afrikaanse samelewing met sy sisteem van gelegaliseerde onreg en strukturele bevoordeling van een groep ...". Myns insiens maak hy, sowel as ander skrywers, die fout om nie te onderskei tussen sodanige onreg in 'n reeds lank bestaande staatkundige eenheid, en aan die ander kant 'n land of landstreek waar die proses nog aan die gang is om 'n staatkundige bestel uit te werk nie. In laasgenoemde geval moet geduld aan die dag gelê word en positiewe erkenning vir vordering gegee word.

Ek doen graag aan die hand dat die IRS 'n Engelse vertaling van hierdie besondere goeie studiestuk so spoedig moontlik in Suid-Afrika beskikbaar stel.

M.A. Kruger

VAN DER WALT, B.J. 1989. **Owerheid en onderdaan in Suid-Afrika in 1989.** Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir Reformatoriese Studies. Studiestuk nr. 257.)

Hierdie studiestuk volg op die een van prof. J.H. van Wyk: *Kerk, teologie en geweld.* Van der Walt het hierdie stuk van Van Wyk op 'n wyse gebruik wat nie verantwoordelik is teenoor sowel Van Wyk as bronne wat laasgenoemde gebruik het nie: Van der Walt neem eenvoudig oor sonder erkenning. Ook is sekere gedagtes van Van der Walt nie altyd helder weergegee nie - hy onderskei byvoorbeeld tusssen owerheid en staat, maar handhaaf nie sy eie onderskeiding nie. Sy gedagtes vloei oor vanaf ons koninklike roeping na lydelike verset en burgerlike ongehoorsaamheid op 'n wyse wat miskien emosioneel verstaan kan word, maar nie logies is nie. Van der Walt laat onrealisties veel klem val op die ANC. Dit spyt my om te moet stel dat hierdie stuk nie 'n waardevolle prinsipiële bydrae is nie.

M.A. Kruger

BUYS, G.L. & KRITZINGER, J.J. 1989. **Salig die vredemakers - 'n geskiedenis van die kerk in SWA/Namibië.** Pretoria : Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing. Universiteit van Pretoria. R25,00.

Die goedversorgde hardeband uitgawe van 274 bladsye is 'n populêre weergawe van twee proefskrifte deur die outeurs. Beide proefskrifte handel oor die sendingwerk in die geskiedenis van SWA/Namibië. Hierdie boek is bedoel as oorsigtelike inleiding in die "veelbewoë geskiedenis van die kerk in SWA/Namibië" (1805-1978). Die teologiese uitgangspunt is die Koninkryksmotief (die getuienis van die totale kerk in die wêreld teenoor alle ongeloof, onreg en anti-Christelike magte). Die selfstandige groei van denominasies, hulle verhouding tot mekaar en tot die owerheid, sowel as die voortgang van die Christelike evangelie in die land (geografies), en op kulturele, sosio-maatskaplike en ekonomiese terreine word onder oë geneem. Verskillende temas word chronologies in verskillende tydvakke met 'n ekumeniese gerigtheid (om "weg te kom van kerkisme in die geskiedenis") behandel. Daar word gepoog om die geskiedenis objektief sonder kulturele of rasse-vooroordele en ideologiese verdraaiing weer te gee. Die kerkgeskiedenis word hier behandel vanaf die heel eerste samekomste van bekeerlinge tot en met die optrede van selfstandige kerke (denominasies), 'n samevoeging van sending- en kerkgeskiedenis van SWA/Namibië. Met *kerk* word in die boek die totale liggaam van Christus, dit wil sê al die Christelike sendinggenootskappe, denominasies, ensovoorts wat die evangelie na die land gebring het, bedoel.

In die historiese jaar vir SWA/Namibië, 1989, as jaar van implementering van Resolusie 435 van die VVO, is dit 'n tydige boek wat goeie insig gee oor die groei van die kerk(e) in Suidwes, maar ook oor die spanninge tussen gelowiges as gevolg van gebeure in die geskiedenis. Miskien moes die boek selfs vroeër verskyn het! Die skry-

wers beoordeel die kerkgeskiedenis uit die oogpunt dat die kerk "draer van die boodskap van vrede in Jesus Christus" is. Hulle probeer 'n pad aandui vir die toekomstige arbeid van die Christelike kerk in SWA/Namibië.
Hoogtepunte uit die boek is onder andere die volgende:

* Die lig op die invloed wat die Duitse kolonialisasie op die sendingarbeid gehad het.
* Die aanduiding van verskillende beoordelings van die Duitse sendelinge se optrede as tussengangers tussen owerheid en bevolking en die aandui van "foute" wat in die hitte van die stryd gemaak is.
* Die raaksien van die feit dat die inheemse bevolking nie kon verstaan dat hulle onderlinge geweld as onchristelik veroordeel is, maar nie die geweldadige optrede van die Duitse troepe nie.
* Die groei van die Finse sending onder die Noordelike Owambo-stamme omdat hulle die suidelike stammestryd en ingryping van die Duitsers vrygespring het.
* Die invloed van die "sendinghelpers" en inheemse Christene in tye toe die sendelinge moes onttrek.
* Die beskouing wat die inheemse Christene gehad het en steeds het van die mandataris, die RSA, en hierdie staatkundige invloed op die gebied.
* Die groei van 'n bevrydingsteologie onder die inheemse kerkleiers en lidmate vanaf die sewentiger jare word insiggewend aangedui.
* Die feit dat daar vandag hoofsaaklik twee groepe Christene in die land is: aanhangers van die kontekstuele (bevrydings-) teologie en aanhangers van die ortodokse (evangeliese) teologie word aangedui.

Die spanningsvelde is hoofsaaklik op die terreine van die Skrifbeskouing en verlossingsbegrip. Eenheid word verskillend gesoek - "Eenheid in Waarheid" (evangeliese kerke) teenoor "Eenheid in Aksie" (ekumeniese kerke).

Daar word 'n goed begronde pad aangedui vir die herstel van kerklike verhoudinge: daar moet eenheid wees in die liggaam van Christus, maar nie eenheid ten koste van die waarheid nie; daar moet eerlik na mekaar geluister word; die regte keuse van prioriteite met erkenning van verskillende perspektiewe sowel as eie feilbaarheid; gesamentlike formulering van 'n antwoord op die vraag wat die volle boodskap van die evangelie is met 'n duidelike onderskeiding van die waarheid en die leuen; die vertaling van die evangelie in die "taal van die tyd" met inagneming van veranderde tye; 'n nuwe werking van die Heilige Gees in die kerke as die Bron vir herlewing, vernuwing en reformasie.

Vir enigeen wat enigsins 'n belangstelling in SWA/Namibië en sy mense het, maar veral ook in die samehang van die staatkundige geskiedenis en die kerkgeskiedenis tot in die onlangse verlede (1980), word die boek sterk aanbeveel.

W.C. Opperman

VAN DER WALT, B.J. 1989. **Antheunis Janse van Biggekerke 1890-1690.** Potchefstroom : IRS/PU vir CHO. 40 p. Prys: R5,00

In die reeks *Moderne Reformatoregalery* van die IRS, het die direkteur van die liggaam, ook nog die tyd gevind om hierdie skets van Antheunis Janse te skrywe. Die onderliggende titel van die werkie lui: *Môrester van 'n Twintigste Eeuse reformasie*. Die opskrif het vir my 'n bietjie oordadig geklink want ek, soos miskien ander ook, het nog nooit van Janse gehoor nie.

Janse wat in Oostkapelle op die eiland Walcheren uit 'n boerefamilie gebore is, word in 1917 'n onderwyser in 'n Christelike skooltjie in Biggekerke. In 1918 word hy hoof van die tweemanskooltjie en was daar vir die volgende vyf-en-twintig jaar werksaam. Hoewel Janse niks meer as 'n Normaalskool-opleiding as laerskoolonderwyser gehad het nie, het hy die Bybel (p. 9) en die teologie en die geestestrominge van sy tyd onvermoeid bestudeer.

Onvergenoegd met die bevindelike godsdiens wat in Zeeland vanaf die dae van Teellincks bestaan het en die skolastieke dogmatisme van die post-Kuyper en Bavinck-periode in die Gereformeerde Kerken in Nederland (p. 8), het Janse na ander antwoorde gesoek.

Van der Walt wys daarop dat Janse reeds in 1918 met D.H.Th. Vollenhoven kennis maak, met hom bevriend raak en ook 'n medewerker word in die beginjare van die ontplooiing van die "Amsterdamse Wysbegeerte". Tog was Janse met sy sterk Bybelsbepaalde visie meer geïnteresseerd in die religieuse vertrekpunte van die Wysbegeerte terwyl Vollenhoven en Dooyeweerd dit verder wetenskaplik uitwerk (p. 12).

Omstandighede soos die oorlog van 1939-1945, politieke woelinge, kerklike twiste wat Janse laat aansluit by die Vrygemaakte Gereformeerde Kerk, asook sy siekte, veroorsaak egter dat Janse meer op die agtergrond raak (p. 13). Naas 'n lys van publikasies (p. 13-16), word die res van sy lewensverhaal simpatiek beskryf. Janse is van sy vyftigste jaar af deur Parkinsonsiekte geteister sodat hy feitlik nie meer kon werk of skryf nie. Sy laaste jare wat hy in Breda deurbring (1942-1960), word vir hom jare van beproewing.

'n Pleidooi deur die skrywer om wéér van Janse kennis te neem, word so gemotiveer: "Miskien is dit omdat hy nog nie aan ons 'n wetenskaplike filosofiese sisteem bied nie, maar eenvoudig 'n Bybelse lewensvisie. En dit groei by hom geleidelik uit sy persoonlike omgang met God en sy Woord" (p. 32). Daarby dui Van der Walt aan dat die geskiedenis van die gereformeerde lewe in die jare 1920-1950 alleen volledig sal wees indien Janse se bydrae ook in berekening gebring word.

Hierdie simpatieke voorstelling van Janse prikkel inderdaad die belangstelling in die mens èn sy werk. Hoewel 'n diepgaande studie van Janse in Suid-Afrika waarskynlik vanweë 'n gebrek aan materiaal nie so vanselfsprekend is nie, word daaraan in Nederland gewerk.

Die werk is interessant geskrywe en prikkel inderdaad die belangstelling vir 'n byna onbekende figuur. So gesien, is dit 'n geslaagde publikasie.

A.D. Pont

DE BRUYN, P.J. *red.* 1988. **Waar die paaie saamwoon.** Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 215 pp.

Dit het gebruiklik geword dat by die uittrede van hoogleraars, hul kollegas, oudstudente en gespreksgenote 'n erebundel aan so 'n persoon opdra. Gewoonlik neem so 'n bundel die vorm aan van diskussies rondom temas wat inskakel by die vakwetenskaplike werk van die betrokkene en sodoende word, by wyse van relevante besinning, op gepaste wyse erkenning gegee aan die vakbydraes van sodanige persoon.

So is dit ook in die onderhawige geval. Hierdie bundel wetenskaplike opstelle is aangebied aan prof. P.W. Buys van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk aan die PU vir CHO. Hy was by sy emeritaat aan die einde van 1988 langer as veertig jaar in diens van sy kerk, waarvan hy sestien jaar lank professor was in Etiek en Apologetiek. Die wye verskeidenheid bydraes vind dan ook op die een of ander wyse aansluiting by hierdie teologiese dissiplines.

Uiteraard is dit nie moontlik om 'n volledige boekbespreking van die sestien uiteenlopende opstelle binne die raamwerk van hierdie bespreking te bied nie. Daarvoor sou al die opstelle afsonderlik, of dan minstens sommige hoogtepunte uit die boek grondig behandel moes word.

'n Mens sou egter dadelik die stelling kon maak dat ons hier 'n netjiese en goedversorgde bundel relevante opstelle het oor 'n interessante breë spektrum aktuele eties-teologiese temas. Die eerste twee opstelle lê op 'n ander vlak. Dit handel oor die mens P.W. Buys en ook Buys as digter. Daarna word temas aangesny oor sake soos kerk en seksualiteit, etiek en ekumene, die sosiale verantwoordelikheid van die kerk, etiek vanuit die hoekpunt van die Drie Formuliere van Eenheid, kernkrag, politieke teologie en *In vitro*-bevrugting.

Wanneer 'n mens dus reeds na die inhoudsopgawe kyk, is dit dadelik duidelik dat die belangstellende leser 'n interessante en lesenswaardige groep besprekings vind insake

Bybels-teologiese en etiese riglyne rondom aktuele temas. Vanweë die verkennende aard van hierdie opstelle, vind ons in sommige gevalle interessante nuwe sieninge waarmee almal sekerlik nie noodwendig sal saamstem nie. Nogtans is dit sekerlik die moeite werd om hierdie bundel gesprekke ter hand te neem.

J.W. Saunderson

SMUTS, A.J. *red.* 1988. **Perspektiewe op pastoraat (5). Praktiese Teologie in Suid-Afrika.** Pretoria : NG Kerkboekhandel. 106 pp. R15,00.

Die bundel bestaan uit sewe bydraes deur sewe verskillende skrywers wat 'n wye spektrum van die pastorale veld dek. Alhoewel die redakteur in die voorwoord aanvoer dat drie kategorieë van stofaanbieding onderskei kan word, kom die inhoud telkens neer op die tweedeling van teorie en praktyk. Elke artikel bevat beide hierdie elemente. Nogtans val die klem in die eerste drie artikels op die teoretiese begronding van die pastoraat en in die laaste vier op die pastorale praktyk.

Die volgende ondersoeke na die prinsipiële begronding van die pastoraat lewer waardevolle leesstof: 1) Noodsaaklike onderskeidings in die pastoraat (J.T. de Jongh van Arkel); 2) Die betekenis van die *herder-kudde*-metafoor vir gemeentebou (P.J. Rossouw); 3) Riglyne uit die Nuwe Testament vir pastorale gesprekvoering (C.J.H. Venter).

Bogenoemde drie artikels stimuleer tot nadenke en lewer besliste bydraes tot die uitbouing van Pastoraal en die pastoraat. Veral laasgenoemde bydraes van Rossouw en Venter bied deurtastende, eksegetiese bevindinge en gevolgtrekkinge wat vir 'n gesagvolle aanbieding en vrugbare hantering van die pastoraat aangewend kan word. Die artikel van Van Arkel bepleit noodsaaklike onderskeidinge ten opsigte van die "graad" van pastorale bedieninge. Daar word gevra vir 'n akademiese benadering en uitbouing van die voorgestelde onderskeidinge van "onderlinge sorg", "pastorale sorg" en "pastorale beraad" (p. 4-11). Alhoewel daar meriete vir die pleitrede bestaan, ontstaan die vraag of die onderskeidinge van "onderlinge sorg" en "pastorale sorg" nie te kunsmatig en ongenuanseerd is nie. 'n Terrein word egter aangeraak wat verdere navorsing vereis.

Die tweede deel wat meer bepaald op die praktyk van die pastoraat gerig is, bevat die volgende lesenswaardige aanbiedinge: 1) Gesinspastoraat as sisteembediening (D.J. Louw); 2) Pastoraat in diens van die eenheid van die kerk (T.M. Snyman); 3) Kenmerkende eise van jeugpastoraat (O.S. Raubenheimer); 4) *Anorexia bulimia* - beraad en konseptualisering vanuit 'n Bybelse gesigspunt (H. Eagleton). Ook hierdie vier artikels bied noodsaaklike definiërings en uitbouing van die pastoraat.

Louw toon aan dat pogings tot gemeentebou wat gesinspastoraat negeer, 'n belangrike bousteen oor die hoof sien. Die Skrif (Ou- en Nuwe Testament) ken aan die (verbonds-)gesin binne die gemeenteverband 'n belangrike funksionele plek toe. Aan die hand van nuttige sosiologiese omskrywings en onderskeidings word 'n bruikbare gesinsbediening aangewys en word 'n belangrike bydrae gelewer ten opsigte van 'n bestaande leemte in die pastorale praktyk. Snyman toon aan dat die eenheid van die kerk (nie kerklike eenheid) nie bloot dogma mag wees nie, maar ook 'n praktiese doelwit van die pastoraat moet wees. Met die verwesenliking van hierdie pastorale doelwit, word die belydenis van eenheid demonstratief geopenbaar en word die missiologiese taak van die kerk in die wêreld vergemaklik.

Die artikel van Raubenheimer weerspieël sy jarelange ervaring as jeugpastor en hy lê nugter en oortuigende riglyne vir jeugpastoraat neer. Eagleton se bydrae getuig van wetenskaplikheid , deeglikheid en kundigheid oor die siekteverskynsel *anorexia nervosa* en *anorexia bulimia*. Hy bied ten opsigte van laasgenoemde ook 'n aanneemlike konsep vir 'n Bybelse bediening aan.

Die bundel is netjies gebind en gedruk, maar bevat 'n aantal onnodige en slordige letter-omruilings, invoegings en foutiewe woordverdelings. Ten opsigte van bepaalde ondergeskikte onderdele kan met van die skrywers verskil word of kan aanvullende opmerkinge gemaak word, dog oor die algemeen beantwoord die gelewerde bydraes aan die eise van wetenskaplikheid, Bybelse regsinnigheid en toepasbaarheid in die praktyk. Van harte aanbeveel.

N.P. Heystek

VORSTER, W.S. *red.* 1988. The right to life. Issues in bioethics. Pretoria : Unisa.

Hierdie is 'n interessante werk wat handel oor etiese aspekte rakend die sin van die lewe. Wat die boek interessant maak, is dat die outeurs vanuit verskillende dissiplines na dieselfde probleem kyk. Die vyf persone wat bydra tot hierdie werk kom uit die departemente Filosofie, Basiese Wetenskappe, Regswetenskap, Ginekologie en Teologie. Hierdie feit maak die perspektief op die onderwerp hoogs interessant. Nuwe ontwikkelings in reproduktiewe tegnologie, byvoorbeeld *in vitro*-bevrugting, embriovriesing, ovumskenking en surrogaatmoederskap word vanuit verskeie hoeke bekyk. Die probleem van genetiese manipulasie word ook baie volledig en met goeie perspektief hanteer. Nie net word aspekte vanaf die begin van lewe toegelig en volledig deur hierdie verskillende medewerkers bespreek nie, maar ook die kwessie van die genadedood word aangeraak. Dit is 'n interessante boek en maak goeie leesstof uit vir diegene wat in die konsep en filosofie van lewe belangstel. Dit is 'n boek wat nié net spreek tot die medikus wat werk in die veld van reproduktiewe

biologie nie, maar ook tot mediese wetenskaplikes, filosowe, etici en teoloë. Juriste sal ook hierdie boek 'n aanwins vind.

Bydraes is gelewer deur:

- Prof. A.P. du Toit (Head: Dept. of Philosophy, University of Pretoria);
- Dr. D.I. Ferreira (Head: Research Centre for Plan Biotechnology, Dept. of Agriculture and Water Supply);
- Dr. M.M. Quigley (Section of Reproductive Endrocrinology and Infertility, Dept. of Gynecology, Cleveland Clinic Foundation, Cleveland Ohio, USA);
- Mrs. R. Pretorius (Lecturer, Dept. of Constitutional and International Law, University of South Africa, Pretoria);
- Dr. L.D. Hulley (Senior Lecturer, Dept. of Systematic Theology and Theological Ethics, University of South Africa, Pretoria).

T.F. Kruger

# BOEKAANKONDINGS

Van der Merwe, D.C.S. 1989. 'n Watermodel vir die Kosmologie of God se twee boeke. Potchefstroom : Khomas.

Van Brummelen, H. 1989. The new Christian right and North American education. Potchefstroom : PU for CHE/IRS.

De Villiers, P.G.R. *red.* 1989. The Bible and stress. Pretoria : Unisa.

Antonides, H. 1989. A Christian perspective on work and labour relations. Potchefstroom : PU for CHE/IRS.

Schuurman, E. 1989. Genetiese manipulasie - die wysgerig-etiese agtergrond. Potchefstroom : PU vir CHO/IRS.

Van der Walt, J.L. 1989. Politiek in/en onderwys: 'n probleem met vele fasette. Potchefstroom : PU vir CHO/IRS.

Mafokeng, T.A. 1983. The crucified among the crossbearers: towards a black Christology. Kampen : Kok.

Meiring, P.G.J. 1989. Die gemeente as bondgenote in verwagting. Potchefstroom : PU vir CHO/IRS.

Versamelwerk. 1990. Venster op die sakewêreld. Perspektiewe op bestuursetiek. Potchefstroom : PU vir CHO/IRS.

Vosloo, W. 1989. Great tales - great truths./ Meer as net 'n storie. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

Van der Walt, B.J. 1990. Being Human - a gift and a duty./ Om mens te wees - gawe en opgawe. Potchefstroom : PU vir CHO/IRS.

Heyns, J.A. 1988. Teologiese etiek. Deel 2:2. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

Van Rooy, J.A. 1989. Herlewing en Reformasie. Potchefstroom : PU vir CHO/IRS.

Denkema, F., Kruger, M.A., Van Rooy, J.A. 1988. Evangeliseer! Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

Barkhuizen, J.H. *red.* 1989. Hymni Christiani. Pretoria : H.T.S.

Petzer, J. 1989. Die teks van die Nuwe Testament. Pretoria : H.T.S.

Hoogsteen, J. 1989. God meant it for good: the covenant and the church today. Ontario : Welsh Publishing Co. Inc.

Trimp, C. 1989. Klank en weerklank. Barneveld : De Vuurbaak.

Versamelwerk. 1989. Venster vir bejaardes. Potchefstroom : PU vir CHO/IRS.

Spoelstra, B. 1989. Gereformeerde kerkreg en Kerkregering. Pretoria : V & R Drukkery.

Versamelwerk. 1989. Visie en missie./ Vision and Mission. IRS 25 jaar/years (1962-1987). Potchefstroom : PU vir CHO/IRS.